STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 60 - 2020 • EDITION 60- 2020

Van die Burgemeester
From the Mayor

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/
Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

Liewe Inwoners

Die herfs het vanjaar laat gekom, maar was so mooi soos altyd. Ongelukkig was ons almal ingeperk en vroegwinter is nou reeds met ons. Dis so mooi soos elke jaar in ons dorpe behalwe dat ons strate baie stil is, veral rondom die Universiteit en Kolleges is dit 'n vreemde gesig om nie studente te sien nie. Tog was die natuurwonder van die seisoensverandering steeds 'n ongelooflike ervaring , juis omdat mens so bewus is van die kosbaarheid van lewe.

Dis baie droog en 'n baie droë winter word voorspel. Daar word selfs 'n moontlike nuwe droogte voorspel. U moet dus tog maar mooi werk met water.

COVID 19:

Ons almal weet dat dit nog baie lank gaan vat voor dinge weer terugkeer na normaal, maar ai, dit het my nie gekeer om steeds te hoop vir die beste wanneer ons weer gesels nie. Soos ek hier sit is ons onderhewig aan Fase 4 inperkingsmaatreëls en ek hoop van harte dat ons vinnig na die volgende fase kan beweeg. Die veiligheid en gesondheid van ons mense is egter die belangrikste en ons sal aanhou doen wat nodig is om al ons inwoners veilig te hou. En met 'n distriksgebaseerde benadering gaan ons waarskynlik nog geduldig moet wees.

Dit is 'n absolute voorreg om deel te wees van 'n gemeenskap wat so baie doen en omgee vir ander in 'n tyd van groot nood. Ek het die afgelope paar weke met verwondering en dankbaarheid gesien hoe amper elke liewe inwoner 'n bydrae maak om ander te help. Selfs die mense wat min het om te gee het nie geskroom om die bietjie wat hulle het met ander te deel nie. Uit die diepte van my hart wil ek dankie sê vir elke persoon wat 'n bydrae tot dus ver gemaak het om ons mense in nood te help.

Dear Residents,

Autumn came late this year, but it was beautiful as always. Unfortunately we were all under lockdown and now the early winter is already with us. It is as beautiful as it always is in our towns except our streets are very quiet, especially in the areas surrounding the University and the Colleges. It is rather strange to not see any students walking around. Still, the change of seasons remains one of nature's wonders and it is still an incredible experience, especially because we are so aware of how precious life is.

It is very dry and we are expecting a very dry winter with little rain. The possibility of another drought is even in the forecast. Please take this into consideration and keep saving water.

COVID-19:

We all know that it will be some time before things return to normal. As I am sitting here, we are still subjected to level 4 lockdown restrictions and I hope with all my heart that we can quickly move to the next phase. The safety and health of our people are however paramount and we will continue to do whatever is necessary to protect our residents. And with the district based approach being considered, we might have to be patient for a while longer.

It is an absolute privilege to be part of a community who gives so much and does so much for others in a time of great need. In the past few weeks I was overwhelmed and grateful to see how almost every resident contributed in some way to help another. Even people who have very little to share, did not hesitate to share the little they have with someone else. I want to thank every person who has made a contribution to help those in need from the bottom of my heart. It is truly wonderful to see and gives me

SPAAR WATER
SAVE WATER

COVID-19 Bl 2/ Pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY INITIATIVE
SSI

Dis werklik ‘n riem onder die hart en gee my baie hoop vir ons toekoms en die pad vorentoe wanneer die virus weg is.

Soos u seker nou al weet werk ons as Munisipaliteit saam met #StellenboschUnite om verligting te bring vir mense wat veral in nood verkeer as gevolg van die uitbreek van die COVID-19 pandemie. Soos ek reeds in my vorige nuusbrief genoem het, bestaan #StellenboschUnite uit verskeie nie-regeringsorganisasies, die Stellenbosch Universiteit en die Munisipaliteit wat saam werk om ons inwoners te help. Die munisipaliteit het dan ook onlangs R100 000 per maand, vir drie maande, beskikbaar gemaak vir #StellenboschUnite (Mei, Junie en Julie) in terme van ons hulpfondsbeleid. Die beleid maak voorsiening dat hulpverlening beperk word tot R40 000 per jaar per organisasie. Omdat hierdie egter ‘n unieke situasie is wat ons mense ernstig affekteer, het die Burgemeester die stipulasie aangepas en verhoog in terme van die nood magte wat aan haar gegee is deur die Raad.

Die Provinsiale Regering het ook addisionele befondsing aan ons bewillig om ons inwoners te help en ‘n addisionele R 900 000 wat aan ons gegee is, sal oor die volgende ses maande aan #StellenboschUnite oorbetaal word. Dit bring ons totale bydrae vir verligtingsmaatreëls tot by R1,2 miljoen vir die volgende maande. Ons maak ook persele, vervoer en personeel beskikbaar soos en wanneer dit nodig is. Dit is steeds ‘n druppel in die emmer want die nood en behoefte daar buite is enorm. Indien u ‘n bydrae wil maak kan u die #StellenboschUnite webblad gaan besoek (https://stellenboschunite.org/). #StellenboschUnite lewer hulp regoor die hele Munisipale area en elke donasie maak werklik ‘n reuse verskil aan iemand se lewe.

Die sjef-gemeenskap van Franschhoek stel ’n wonderlike voorbeeld deur elke dag duisende honger mense in die Franschhoek omgewing kos te gee, dit ten spyte van die feit dat hulle eie besighede tans geen inkomste het nie. Daar is ook ander organisasies wat help om na ons inwoners om te sien en ek wil ook vir elkeen wat gehelp het opreg dankie sê daarvoor. Ek is oortuig daarvan dat hierdie tyd van swaarkry iets by ons almal wakkermaak wat ons hele gemeenskap in die toekoms ten goede mee gaan verander.

Sanitêre maatreëls:

U het seker gesien hoe ons die strate, taxi staanplekke, openbare ruimtes en toilette steriliseer. Ons was inderdaad die eerste Munisipaliteit om dit te doen en ons sal aangaan daarmee. Ons het ook baie addisionele watertenks en toilette in die informele gebiede geïnstalleer om sanitasie te verbeter en so COVID-19 te beveg.

Werksaamhede by Munisipaliteit:

Met die beweeg na die vlak 4 inperking het ons amptenare ook weer stadigaan van die kantoor af begin werk. Streng maatreëls is egter in plek gesit om sanitasie, sosiale afstand en skoon en veilige werksomgewings te verseker. Tydens die vlak 4 inperking werk personeel op ‘n rotasiebasis in die kantoor om blootstelling te voorkom. Amptenare wat nie op kantoor is nie, werk egter steeds van die huis af en die meerderheid van ons daaglikse werk gaan voort. Ons kassieres het ook op 6 Mei weer oopgemaak vir die publiek en ons het streng maatreëls geïmplementeer op die veiligheid van ons inwoners en ons

hope for our future and the road ahead once this virus is a thing of the past.

As you know by now, the Municipality is working with #StellenboschUnite to bring relief to people in need due to of the outbreak of the COVID-19 pandemic. As I mentioned in my previous newsletter, #StellenboschUnite is made up of various non-governmental organisations, the Stellenbosch University and the municipality who are all working together to help residents. The municipality recently made R100 000 per month, for the next 3 months (May, June, July), available to #StellenboschUnite in terms of our Grant in Aid policy. The policy stipulates that grants be limited to R40 000 per organisation per annum. As we are dealing with a unique global pandemic that is impacting on the lives and livelihoods of many of our residents, this stipulation was amended and increased in terms of the emergency powers vested in the Executive Mayor by the Council.

Further to this, **additional funding of R900 000.00 was sourced from the Provincial Government**. This will also be allocated towards #StellenboschUnite over the next six months. This brings our total contribution for relief measures to R1,2 million for the next few months. We have also made venues, transport and staff available as and when it is needed. This is only a drop in the bucket because the need and emergency out there is enormous. If you want to make a contribution, please visit the #StellenboschUnite website(https://stellenboschunite.org/). #StellenboschUnite renders assistance across the entire municipal area and every donation truly makes a great difference in somebody’s life.

The chef community in Franschhoek has also been leading by example by feeding thousands of hungry people in the Franschhoek area. This despite the fact that their own businesses are currently all closed and they do not have any income. There are also other organisations that are helping to take care of our residents. I want to sincerely thank you for your assistance. I am convinced that this time of suffering has awakened something in our entire community that will change our future for the better.

Sanitary measures:

You have probably seen how we are cleaning and sanitising streets, taxi ranks, public spaces and toilettes. We were in fact one of the first Municipalities to do this and we will continue to do this. We also installed additional water tanks and toilettes in informal settlements to help improve sanitation and to fight the spread of COVID-19.

Municipal Operations:

With the moving of lockdown to level 4, our officials have started working from the office again. Strict measures have been put in place for sanitation, social distancing and to ensure a clean and safe working environment. On level 4 our officials will work in the office on a rotational basis to limit interaction and avoid exposure to the virus. Officials who are not in the office are however still working from home and the majority of our daily activities are continuing. On 6 May we reopened our cashiers to the public and we

amptenare te verseker. Die maatreëls wat ons moet volg vertraag uiteraard dinge 'n bietjie en ons vra dat u asseblief geduldig sal wees en u volle samewerking sal gee. As u nie in 'n ry wil staan om u munisipale rekening te betaal nie, kan u dit elektronies doen. Stuur 'n e-pos na enquiries.navrae@stellenbosch.gov.za en hulle sal u help om u rekeninge in die vervolg via e-pos te kry. Graag sê ek ook dankie vir die duisende mense wat steeds hul rekeninge betaal, al gaan dit ook finansieel baie swaar. Ons het elke sent nodig om ons dienste vlot te laat verloop en om soveel verligting as moontlik te kan gee.

Nuwe toepassing:

Ons probeer voortdurend om plaaslike regering prosesse vir u meer toegangklik te maak en die digitale era waarin ons leef laat ons ook toe om meer innoverend te wees. Ons nuwe slimfoontoepassing, Stellenbosch Citizen toepassing gee inwoners maklike toegang tot openbare deelname prosesse. Ons het dit alreeds gebruik tydens die GOP en Konsepbegroting se openbare deelname tydperk om aan inwoners 'n makliker manier te bied om insette te lewer op die voorgestelde dokumente. Ons is egter besig om die funksionering van die toepassing uit te brei en hoop om dit in die toekoms deel te maak van alle openbare deelnemingsprosesse asook maklike, vinnige en koste effektiewe direkte kommunikasie met u. Gaan laai gerus die toepassing af. Dit is beskikbaar by die Google Play aanlynwinkel, die AppStore vir Iphone sowel as die Windows aanlynwinkel. Die toepassing is werklik maklik om te gebruik. Probeer dit asseblief en laat ons weet wat u daarvan dink en of u enige probleme ervaar. Enige kommentaar oor die toepassing kan u na Contact.stellenbosch@stellenbosch.gov.za stuur. U insette is belangrik sodat ons deurlopend aan die toepassing kan werk om dit so verbruikersvriendelik as moontlik te maak.

Nuwe Vredesbeamptes:

Ons het ook 18 nuwe vredesbeamptes en 13 Chrysalis Akademie gegradueerdes verwelkom by ons Wetstoepassingseenheid. Hierdie nuwe amptenare gaan 'n groot bydrae lewer in die beveiliging van ons gemeenskappe. Die nuwe amptenare gaan ons help om meer sigbare polisiëring te doen in alle areas en so misdaad te voorkom en ook munisipale verordeninge toe te pas. Alle nuwe beamptes kom van die breër Stellenbosch en was voorheen werkloos. Hul het tydens n werwingsproses dwarsoor die Munisipaliteit self aangemeld vir opleiding deur die Provinsiale Departement van gemeenskapsveiligheid befonds is. Ons is baie dankbaar om meer beamptes beskikbaar te hê veral gedurende die tyd van inperking. Dis tog jammer dat sommige van die kandidate nie hul opleiding voltooi het nie.

Jeugmaand:

Junie word as Jeugmaand herdenk in Suid-Afrika en op 16 Junie herdenk ons Jeugdag. As gevolg van COVID-19 gaan ons almal se herdenking van die dag heelwaarskynlik anders lyk as in die verlede. Ons stryd teen COVID-19 herinner ons aan die dapperheid van die jong mense wat in 1976 opgestaan het teen die onderdrukkende apartheidsregering. Met die sluiting van skole en universiteite as gevolg van die virus word ons ook herinner hoe baie van ons jong mense steeds nie gelyke

implemented strict measures to ensure the safety of our residents and our officials. The measures we have implemented slows things down a bit and we ask that you please be patient and give your full cooperation. If you do not want to stand in a queue to pay your municipal bills, you can arrange to do it electronically. Just send an email to enquiries.navrae@stellenbosch.gov.za and they will help you to receive your bills electronically via email in the future. I want to thank the thousands of people who have been paying their accounts, even though these are financially troubling times. We need every cent to make sure that services continue.

New Application:

We are continuously making every effort to make local government processes more accessible to you and the digital age we live in allows us to be more innovating. Our new smart phone application, the Stellenbosch Citizen App, gives residents easy access to public participation processes. We have already used it during the IDP and draft budget's public participation processes to provide residents with easier access to give inputs on the proposed documentation. We are also expanding the functioning of the application and hope to make it part of all public participation processes in future as well provide a platform for quick, easy and affordable communication with you. Please go and download the app. It is available on the Google Play Store, Windows Store and Apple App Store. The App is very easy to use. Please try it out and let us know what you think about it and if you experience any issues. Any feedback can be sent to Contact.stellenbosch@stellenbosch.gov.za. Your inputs are important so that we can continuously improve the app and make it as user-friendly as possible.

New peace officers:

We have also welcomed 18 trained Peace Officers and 13 Chrysalis Academy Graduates into the ranks of our Municipal Law Enforcement. These officers will boost our efforts of creating safe and secure communities for all residents. The new officers will help us to improve visible policing in order to prevent crime and enforce municipal by-laws. The new officers are all from the Greater Stellenbosch region and were previously unemployed. They reported for training during a recruitment process that was conducted across the entire municipal area. The training was sponsored by the Provincial Department of Community Safety. We are very grateful to have additional officers available during the time of lockdown. It is just such a pity that some of the candidates did not complete their training.

Youth Month:

In South Africa we celebrate June as Youth Month and 16 June is commemorated as Youth Day. Because of COVID-19, the commemoration for this year will probably look different than in the past. Our battle against COVID-19 also reminds us of the bravery of the young people who stood up to the oppressive apartheid government in 1976. With the closing of schools and universities because of the virus, we have also been reminded of how many young people still do not have access to equal opportunities. We must focus on creating more opportunities for young people. They are after all our future.

toegang het tot geleenthede nie. Ons moet ook fokus om meer geleenthede te skep vir ons jong mense, hulle is immers ons toekoms.

U Gesondheid:

Ek wil by u pleit om asseblief veilig te wees en om u risiko om die virus op te doen asseblief so veel as moontlik te beperk. Dra asseblief 'n masker in openbare spasies en kantooromgewings, was asseblief gereeld u hande en handhaaf sosiale distansiëring. Al die reëls en regulasies is nie maklik nie en ek weet dit is frustreerend, maar ons hoof doel is om seker te maak ons gemeenskap bly gesond en ons stop die pandemie in sy spore. U is so kosbaar vir my en ek wil nie enige iemand verloor nie. Niemand is seker vir hoe lank ons nog saam met die siekte gaan leef nie. Al wat ek kan vra is dat ons elkeen alles binne ons vermoë doen om die verspreiding daarvan te stop. Ons sal hierdeur volhard en ons gaan sterker aan die anderkant uit kom. Weereens dankie vir elke inwoner wat bydraes gemaak het om ander te help en dankie ook aan elkeen van u wat ten spyte van baie moeilike ekonomiese omstandighede steeds aanhou om u munisipale rekening te betaal. Dit help ons ook om aan te hou dienste lewer.

Belangrike nommer:

Die beheerkamer vir wetstoepassing kan bereik word by (021) 808 8999/8890 of by 'n spesiale WhatsAppp-nommer 079 622 4722.

Tot volgende keer

Beste Wense
Burgemeester Gesie

Your Health:

I want to beg you to please be safe and to minimise your risk of contracting the virus as much as possible. Please wear a mask in public and office spaces, wash your hands regularly and maintain social distancing. All these rules and regulations are not easy and I know it is frustrating, but our main aim is to make sure our entire community remains healthy as we stop this pandemic in its tracks. You are so precious to me and we do not want to lose anyone. No one is sure for how long we will have to live with this disease. All that I ask is that we do everything possible to stop the spread. We will persevere and will get through this stronger than ever. Again, I want to thank every resident who has made contributions to help others. A big word of thanks to all our residents who continue to pay their municipal bills on time, despite the difficult economic circumstances. It helps us to continue service delivery.

Important Number:

The control room for Law Enforcement can be reached by phoning (021) 808 8999/8890 or by sending a WhatsApp to 079 622 4722.

Until next time.

Best Wishes
Mayor Gesie